

**Donderdag 10 Maart**

**Skrifgedeelte: Jesaja 43:1-7; Hosea 11:9**

**Fokusgedeelte: Jesaja 43:15; Hosea 11:9**

**Die Heilige in ons midde!**

Die HERE se uitverkore volk is op die drumpel van uitwissing en ineenstorting ... Ondenkbaar! Maar dit is hulle eie skuld. Hoevele kere is hulle nie gewaarsku nie! Die ballingskap was die HERE se straf vir ongehoorsaamheid, afgodery, korrupsie. Selfs die konings, priesters en profete het hulle nie meer aan God gesteur of die volk op die regte pad probeer lei nie.

Het die Heilige God sy volk afgeskryf, vergeet? Dit is die vraag op die lippe van die HERE se ware gelowige kinders, waar hulle – asof van God verlate – daar in ballingskap met hulle en hulle voorouers se sondes en die gevolge daarvan worstel.

Hier in Jesaja 43 kom die antwoord van die HERE in soveel vertroosting en versekering!

- Moenie bang wees nie.
- As jy deur water moet gaan, of riviere ...
- As jy deur vuur moet gaan ...
- Jy is kosbaar in my oë, die Een wat jou liefhet!

Verdien hulle die genade wat hulle nou aanhoor? Het die HERE hulle straf oorgesien, of het hulle hul straf uitgedien? Nee ... Maar God is Heilig, julle Heilige, sê Hy vir hulle in Jesaja 43:15. Die Heilige in julle midde (Hosea 11:9)! Heeltemal anders as almal, verhewe bo alles en almal.

Hy is die Een wat sy eie Seun uiteindelik stuur as Verlosser en Saligmaker. Deur sy gehoorsame offer van Homself aan die kruis kom daar vir elkeen wat in Hom glo, VOLKOME vergiffenis. In Hom skoongewas – HEILIG! Want die HEILIGE God maak self sy kinders HEILIG, sonder sonde, gereed vir die lewe tot in alle ewigheid by Hom. In Christus nooit weer ballingskap, vervreemding, onherroeplike straf nie, maar – genade op genade – vergiffenis en tuiskoms wanneer die lewe op aarde verby is!

Sal ek en jy nie daarom dag na dag die Heilige in ons midde opsoek en met ons lewe eer nie?

*Sing: Skrifberyming 33:3*

*Ds. LSD du Plessis (Lourens) (Groblersdal)*